

## AFRIKAANSE BYBELVERTALINGS “VIR AFRIKA”. DIE VERTALERS EN HULLE KULTURELE AGENDA

J.A. Naudé<sup>1</sup>

### ABSTRACT

The purpose of the article is to indicate the ideological dominance of the Afrikaans target culture in Afrikaans Bible translations. This is measured by the way in which the Ancient Near Eastern and Ancient Mediterranean cultures of the source texts are domesticated. An analysis of nine Afrikaans Bible translations is provided in terms of commission and intention of the translation, the translation process (translator, source text, work method, translation method), and product of the translation. It is shown that the trend is to create translations that read fluently, i.e. the appearance that the translation is not in fact a translation, but the original.

### 1. INLEIDING

Die doel van hierdie artikel is om die ideologiese dominansie van die Afrikaanse doelkultuur in Afrikaanse Bybelvertalings aan te toon. Dit gaan oor die mate waartoe die Ou Nabye Oosterse en Antieke Mediterreense kultuur van die brontekste verinheems is. Om hierdie doel te bereik, is die artikel gestruktureer volgens ’n probleemstelling en hipotese, teoretiese raamwerk, analise van Afrikaanse Bybelvertalings en gevolgtrekkings.

### 2. VERSKEIDENHEID VAN VERTALINGS EN BETROUBAARHEID

Alhoewel die getal nuwe Afrikaanse Bybelvertalings nie kers kan vashou by die bykans tweehonderd nuwe Bybelvertalings in Engels wat in die twintigste eeu die lig gesien het nie, is daar tans Afrikaanse Bybelvertalings “vir Afrika” in boekwinkels beskikbaar. Dit is veral die afgelope 20 jaar — na die verskyning van *Die Bybel, Nuwe Vertaling* in 1983 — dat die aanbod van Bybelvertalings in Afrikaans hand oor hand toe geneem het. Voorheen was

1 Prof. J. A. Naudé, Departement Afro-Asiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300. E-pos: naudej.hum@mail.uovs.ac.za. Hierdie artikel is die inleerende van die outeur, gelewer op 7 Mei 2003. Die inligting in die artikel weerspieël die stand van Bybelvertaling soos op hierdie datum.

daar eintlik net die ou vertaling wat 70 jaar gelede in 1933 verskyn het en wat later vervang is met ’n hersiene uitgawe in 1953, vyftig jaar gelede. Die eerste vertaling van ’n Bybelboek in Afrikaans — Genesis deur S.J. du Toit — het reeds 110 jaar gelede in 1893 verskyn, maar het nooit inslag gevind nie en die Nederlandse Statevertaling, wat vir die eerste keer in 1637 gepubliseer is, is deur Afrikaanse Bybelleesers gebruik. Daar het 35 uitgawes van 9 Afrikaanse vertalings die afgelope 110 jaar verskyn. Vier van die vertalings was die verantwoordelikheid van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en meer as 10 miljoen daarvan is verkoop. Die ander vertalings (behalwe een) is die verantwoordelikheid van die hoofstroomuitgewers van godsdienstige literatuur in Suid-Afrika en die verkope daarvan is aansienlik laer as die van die Bybelgenootskap. Twee vertalings het misluk, een van die Bybelgenootskap en een private onderneming. Daar is baie meer Afrikaanse vertalings en uitgawes in die pyplyn.

Die aanbod van so ’n groot verskeidenheid het tot gevolg dat baie Bybelleesers vra watter een van die vertalings die beste is en of al die vertalings “korrek” kan wees. Die kernprobleem wat op grond van die veelheid van vertalings ontstaan, sentreer om die teologie daarvan — en let op: die probleemstelling is reeds deurspek van ideologie. Is die Bybelvertaling ’n betroubare refleksie van die brontekste of is dit tot so ’n mate ’n refleksie van die vertalers dat dit nie meer as ’n betroubare refleksie van die brontekste bestempel sou kon word nie? Die kernprobleem word dringender indien in ag geneem word dat geen ander teologiese publikasie naastenby die impak en invloed op die populêre teologie en selfs kerklike teologie het wat ’n Bybelvertaling het nie.

In hierdie artikel gaan ek aantoon dat die antwoord op die vraag na die normatiwiteit of betroubaarheid van ’n Bybelvertaling negatief is. Geen Bybelvertaling kan ’n spieëlbeeld van die brontekste wees of ekwivalent (die term wat in vertaalkunde gebruik word) aan die brontekste wees nie. Geen vertaling kan losgemaak word van mindere of meerdere kulturele dominansie van die doelkultuur nie. Alhoewel Bybelvertalers nog deur al die eeue heen besonder verantwoordelike mense was, staan hulle dikwels in die vertaalproses voor keuses waarby hulle globale en teologiese verwysingsraamwerk ’n rol speel. Dit word gereflekteer in die vertaling en word die basis vir die teologie van ander. Daarby opereer die Bybelvertaler binne die parameters van ’n lang tradisie van (Bybel)vertaling en is hy/sy ook gebonde aan die opdrag en voorskrifte van die opdraggewer en uitgewer. Die Rooms-Katolieke Kerk het in die duisend jaar na Hiëronimus (ongeveer 347-420) enige vertaling wat van die gevestigde interpretasie afgewyk het, as sekularies beskou (Munday 2001:22). Die vertaler Etienne Dolet is in 1546 op

die brandstapel verbrand nadat hy deur die teologiese fakulteit van die Universiteit van Sorbonne veroordeel is omdat hy die woorde *rien du tout* (niks hoegenaamd) by 'n vertaling van een van Plato se dialoë oor die lewe gevoeg het en daarmee die indruk sou gewek het dat hy nie in die onsterflikheid van die siel geglo het nie. Vertalers opereer bewustelik en/of onbewustelik met 'n kulturele agenda. Vergelyk byvoorbeeld Martin Luther se vertaling van Romeine 3:28 waar hy eksplisitering as vertaalstrategie aanwend deur "alleen" in die vertaling te voeg om sy teologiese siening te beklemtoon (dit ontbreek in die Griekse en Latynse tekste).

#### Romeine 3:28

Latyn: *arbitramur enim iustificari hominem per fidem sine operibus legis.*

Grieks: λογίζόμεθα γὰρ δικαιοῦσθαι πίστει ἄνθρωπον χωρὶς ἔργων νόμου.

Maar ons neem aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

#### Martin Luther:

*Wir halten, dass der Mensch gerecht werde ohne des Gesetzes Werk, allein durch den Glauben.*

Ons neem aan dat die mens geregverdig word sonder die werke van die wet, alleen deur die geloof.

### 3. ONSIGBAARHEID VAN VERTALING

In deskriptiewe vertaalkunde is daar toenemende fokus op die kollektiewe beheer oor die vorming van kulturele kennis en die rol wat deur ideologie gespeel word tydens vertaling. Hierdie ontwikkeling het deur drie fases beweeg.

In die eerste fase is die verhouding tussen vertalings en hulle bronteks beskryf in terme van verskuiwings of manipulasies wat plaasgevind het. Hierdie nuwe paradigma is deskriptief, dit wil sê die spesifieke kenmerke van 'n vertaling word beskryf in terme van waarde-vrye norme en wette wat vir vertaling geld (Even-Zohar 1990; Hermans 1985:10-11, Toury 1980, 1995).

Die tweede fase begin toe Bassnett, Lefevere en Heylen die skopos van deskriptiewe vertaalkunde vanuit kultuurstudie (en by name postkoloniale studie) verbreed het om die waarde-gedrewe aard van die sosio-kulturele raamwerk in te sluit (Bassnett & Lefevere 1990:10). Vertaling is nie langer beskou as die herproduksie van die oorspronklike teks nie, maar as 'n her-konseptualisering en herskrywing van 'n alreeds gepluraliseerde bronteks.

Dit word moeiliker om kulturele skakels te identifiseer en die onbevraagde aanvaarding van ideologie word makliker. Norme vertoon ideologiese mag wat die belange van sekere groepe dien en word gehuisves in die sosiale instellings wat vertalings produseer (Venuti 1998:29). Behalwe regerings en ander politieke-gedrewe instellings wat mag besluit om sekere werke te sensor of te bevorder (vergelyk Lefevere oor beheerfaktore) word verskeie rolspelers in die uitgewersbedryf as geheel deur Venuti by eersgenoemde ingesluit. Dit is bowenal die uitgewers en redakteurs wat die werke kies, die opdrag vir die vertaling gee, die vertalers betaal en soms selfs die vertaalmetode voorskryf.

Die derde fase word ingelei deur Lawrence Venuti (1995:1) se invoering van die term (*on*)sigbaarheid van die vertaler om die vertaler se situasie en werk in kontemporêre Anglo-Amerikaanse kultuur te beskryf. Dit impliseer dat ’n vertaling vlot moet lees. Venuti se siening is dat die onsigbaarheid tipies tot stand kom

- deur die manier waarop vertalers self vertaal, naamlik om vertalings te skep wat vlot in Engels lees, dit wil sê ’n idiomatiese en leesbare doelteks;
- deur die manier waarop vertaalde tekste deur die doelkultuur gelees word. ’n Vertaling is aanvaarbaar vir uitgewers, resensente en lesers indien dit vlot lees en die voorkoms van die oorspronklike het (Venuti 1995:1).

Venuti (1998:31) sien die heersende konsep van outeurskap as die belangrikste rede vir hierdie toedrag van sake. Vertaling is gesien as ’n afgeleide en dus van sekondêre kwaliteit en belang (Venuti 1998:32). Venuti (1995:19-20) koppel onsigbaarheid van die vertaler aan die vertaalstrategie van verinheemsing, wat ’n etno-sentriese reduksie van die vreemde teks ten gunste van doeltaalkultuurwaardes behels. Dit impliseer vertaling in ’n deursigtige, vlot, onsigbare styl met die doel om die vreemdheid van die doelteks te minimaliseer. Dit hang saam met Schleiermacher se beskrywing van vertaling as die beweging van die vreemde teks na die leser.

Venuti meen dat die vreemde identiteit van die bronteks eerder beklemtoon moet word. Vervreemding behels die keuse van ’n vertaalstrategie wat die dominante kultuurwaardes in die doeltaal uitsluit (Venuti 1997: 242). Dit is ook die voorkeurmetode van Schleiermacher waar hy meen die vertaler die doeltaalleser sover moontlik na die bronteks moet beweeg. Vervreemding of ook weerstand (“resistancy”) het ’n nie-vlot vertaalstyl tot gevolg waardeur vertaling sigbaar gemaak kan word om dit te beskerm teen die ideologiese dominansie van die doelkultuur.

Om die aard van ideologiese dominansie van die Afrikaanse doelkultuur in die Afrikaanse Bybelvertalings te bepaal, het die metodes vir my veld-ondersoek in breë trekke uit die volgende bestaan:

- Analise van die vertalings self in terme van die voorwoord, vertaal- en werkmethode op makro- en mikrostrukturele vlak.
- Analise van die sosiale geregtigheidsterminologie.
- Statistiese analise met behulp van *WordSmith Tools* binne 'n korpus-vertaalkundige raamwerk van die eerste vyftig Psalms met die oog op die seleksie van vertaalekwivalente.
- Analise van die struktuur van die korpus (uitgewers, hoeveelheid kopieë, identiteit van die vertalers, ensovoorts.)
- Analise van kritiese tekste: artikels in joernale, literêre historiografieë, versamelbundels, resensies, ensovoorts.
- Telefoniese onderhoude met sleutelvertalers.
- Gesprekke met uitgewers wat Afrikaanse Bybelvertalings gepubliseer het.

## 4. ANALISE VAN DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGS

Die resultate van die analise van elke Afrikaanse Bybelvertaling word saamgevat in terme van opdraggewer/intensie, vertaalproses (vertalers, bronteks, vertaalmetode en werkmethode) en produk (voorbeeldteks, uitgawes, uitgewer en verkope).

### 4.1 Vertaling 1: Vertalings van S. J. du Toit (1889-1911)

#### 4.1.1 Opdraggewer en intensie van die vertaling

Die vertaling is bedoel vir Afrikaanssprekende lesers wat nie meer die Nederlandse Statevertaling verstaan het nie en is die inisiatief van die Genootskap van Regte Afrikaners nadat hulle pleidooi deur die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en Nederduitse Gereformeerde predikante verwerp is.

#### 4.1.2 Vertaalproses

- i) Vertaler: S. J. du Toit.
- ii) Bronteks: Hebreeuse en Griekse tekste met tekskritiese apparaat.
- iii) Werkmetode: Die vertaler werk in groepverband met 5 tot 17 persone

bestaande uit predikante, onderwysers, leke en ’n Jood (Nienaber 1940: 65-69).

iv) Vertaalmetode: Letterlike vertaling — “skryf soos jy praat”.

#### 4.1.3 Produk

Al gaan ek deur di kloof fan doodskaduwee, ek frees gen kwaad ni; want U is met my; uwe knopkiri en wandelstok fertroos my (Psalm 23:4).

Uitgawes volgens vertalings	Uitgewer	Verkope
1. S.J. du Toit: Drie proewe (1889), Genesis (1893), Matteus (1895), Openbaring (1898), Hooglied (1905), Psalms (1907), Handeling en Markus (1908)*, Lukas bestaan net in handskrif	D.F. du Toit & Co.	1 500- 3 000 per deel

\*Verskyn in *Stemmen des Tyds*

### 4.2 Vertaling 2: Die Vier Evangelieë en die Psalme (1922)

#### 4.2.1 Opdraggewer en intensie van die vertaling

In 1916 besluit die Vrystaatse Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk op ’n Afrikaanse vertaling. In 1917 gee die BFBS sy goedkeuring en bied aan om die koste van vertaling en publikasie te dra. Geen intensie word vermeld, maar die produk moet lyk soos die Statevertaling.

#### 4.2.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: Die vertaling is gedoen deur ’n hele aantal manne in hulle vrye tyd.
- ii) Bronteks: Die Statevertaling met kontrole teen Hebreeuse en Griekse tekste.
- iii) Werkmetode: Die vertaalwerk vlot nie weens gebrek aan ’n werkmetode.
- iv) Vertaalmetode: Letterlike vertaling van die Nederlandse Statevertaling.

#### 4.2.3 Produk

Al gaan ek ook in ’n dal van die skaduwee van die dood, ek sou geen kwaad vrees nie; want U is met my; U stok en U staf, dié vertroos my (Psalm 23:4).

Uitgawes volgens vertalings	Uitgewer	Verkope
2. Die Vier Evangelieë en die Psalme (1922)	BFBS	70 000

### 4.3 Vertaling 3: Die eerste volledige vertaling (1933) en sy hersiening (1953)

#### 4.3.1 Opdraggewer en intensie van die vertaling

Die opdrag sit dié van Vertaling 2 voort. Die intensie word nie vermeld nie.

#### 4.3.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: Vyftal eindvertalers, drie was van hulle gewone werk losgemaak, naamlik Prof. J.D. du Toit (Totius) (Ou Testament, Gereformeerde Kerk), Prof. J. D. Kestell (Nuwe Testament, N.G. Kerk) en Dr. H.C.M. Fourie (Ou Testament, Hervormde Kerk), terwyl twee op deeltydse basis bygevoeg was, naamlik Prof. E.E. van Rooyen (Ou Testament, N.G. Kerk) en Prof. B.B. Keet (Nuwe Testament, N.G. Kerk). Eindredakteurs van die hersiening: Prof. J.D. du Toit (Totius) en Prof. B.B. Keet. Na die dood van Totius, het sy seun, Prof. S. du Toit die werk voltooi.
- ii) Bronteks: Net soos vir die Statevertaling is vir die Nuwe Testament die teks van die *Textus Receptus* gevolg. Vir die Ou Testament is die teks van *Biblia Hebraica* (tweede uitgawe) gebruik.
- iii) Werkmetode: Vertalers werk afsonderlik en ruil werk onder mekaar uit vir kontrole.
- iv) Vertaalmetode: Letterlike vertaling.

#### 4.3.3 Produk

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my (Psalm 23:4).

Geen baster<sup>2</sup> mag in die vergadering van die Here kom nie (Deut 23:2).

- 2 Die Hebreeus is מַמְזֵר *mamzer*, waarvan die betekenis onseker is. Dit hou verband met die gebruike in Lev. 18:6-20 en staan nie in verband met die vermenging van volke nie. Die vertaling is waarskynlik beïnvloed vanuit die KJV waarteen die 1933-vertaling gekontroleer is ("bastard").

Uitgawes volgens vertalings Ou vertaling	Uitgewer	Verkope
3. Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms (1929)	BFBS	19 758
4. Die Bybel (1933)	BFBS	1 944 458
5. Die Bybel (Hersiene Uitgawe) (1953)	BFBS	4 996 561
6. Die Bybel, Naslaan-uitgawe (1957)	BFBS	
7. Die Bybel met Verklarende Aantekeninge (1958)	VPU	
8. Die Bybel met Deutero-Kanonieke boeke (1965)	BFBS	
9. In die voetspore van Jesus. Die parallelle Evangelies chronologies geharmoniseer (1975)	J.P. van der Walt	
10. Die Bybel, Naslaan-uitgawe (heriset) (1996)	BSA	

#### 4.4 Vertaling 4: Die nuwe vertaling (1970-1983)

##### 4.4.1 Opdraggewer en intensie van die vertaling

Die ontwikkeling van Afrikaans, die vooruitgang op die gebied van die Bybelwetenskap en die opkoms van vertaalkunde lei tot die besluit om die Bybel nuut in kontemporêre Afrikaans te vertaal (Wegener 1985:228-38) as “waardige vertaling vir Afrikaanssprekendes”. Die besluit ten gunste van ’n nuwe doelteks-georiënteerde vertaling is goedgekeur deur die Bybelgenootskap in 1968.

##### 4.4.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: Eindredaksie: Proff. E.P. Groenewald (voorsitter), J.P. Oberholzer (onder-voorsitter), A.H. van Zyl (sekretaris), W. Kempen (taaladviseur), J.L. Helberg en P.A. Verhoef.
- ii) Bronteks

Ou Testament: *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1977) gebaseer op Leningradkodeks (B 19a).

Nuwe Testament: Standaardteks soos gepubliseer in die 26ste uitgawe van Nestle-Aland (1979) en die derde uitgawe van *The Greek New Testament* (1975 en 1983) van die United Bible Societies.



- iii) Werkmetode: Vertalers verdeel in 'n Ou- en Nuwe-Testamentiese groep om konsepsvertalings voor te berei wat deur verskeie hersienings gegaan het.
- iv) Vertaalmetode: Dit gaan om oordra van die betekenis, die bedoeling, die boodskap van die teks. Die dinamies-ekwivalente metode (wat die reproduksie in die doeltaal is van die naaste natuurlike ekwivalent van die brontaal, eers in terme van betekenis en dan in terme van styl) word met diskresie toegepas.

#### 4.4.3 Produk

Selfs al gaan ek deur donker dieptes,  
sal ek nie bang wees nie,  
want U is by my.  
In u hande is ek veilig (Psalm 23:4).

Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie (Deut. 23:2).

Uitgawes volgens vertalings Nuwe vertaling	Uitgewer	Verkope
11. 'n Proefvertaling (1971)	BSA	25 000
12. Die Blye Boodskap (1975)	BSA	444 500
13. Die Nuwe Testament en die Psalms (1979)	BSA	736 381
14. Die Bybel, Nuwe Vertaling (1983)	BSA	2 850 716
15. Verklarende Bybel (1989)	Lux Verbi	12 000
16. Die Bybel in Praktyk (1993, 1996, 2001)	CUM	100 000
17. Die Eenjaarbybel: Nuwe Testament (1988)	Christian Art	50 000
18. Die Eenjaarbybel: Ou en Nuwe Testament (1989)	Christian Art	60 000
19. Die Verwysingsbybel (1998)	BSA	13 148
20. Die Bybellennium Eenvolumekommentaar (1999)	CUM	9 869

## 4.5 Vertaling 5: Die Lewende Bybel (1971-1982)

### 4.5.1 Intensie van die vertaling

Dit is ’n nie-amptelike vertaling in duidelike, natuurlike Afrikaanse gebruikstaal wat dien as ’n hulpmiddel vir persoonlike lees en Bybelstudie.

### 4.5.2 Vertaalproses

- i) Vertaler: Ds. Du Toit van der Merwe.  
Nasieners: Proff. Jasper Burden, Ferdinand Deist, Willem Vorster.  
Taalversorger: Prof. Fritz Ponelis.
- ii) Bronteks: Hebreuse en Griekse bronteks. Vir *Die Lewende Briewe* (1971) was Kenneth Taylor se *Living Letters* die bronteks.
- iii) Vertaalmetode: Parafrase.

### 4.5.3 Produk

Al moet ek ook deur stikdonker plekke gaan  
word ek nie bang nie,  
want U bly altyd by my, Here,  
U beskerm my en lei my (Psalm 23:4).

Iemand wat uit ’n ontoelaatbare verhouding soos byvoorbeeld deur bloedsbande of owerspel gebore is, mag ook nie kom in die vergadering van die Israeliete nie (Deut. 23:2).

Uitgawes volgens vertalings Die Lewende Bybel	Uitgewer	Verkope
21. Lewende Briewe (1972)	CUM	26 000
22. Die Lewende Nuwe Testament. 'n Parafrase (s.a.)	CUM	
23. Die Lewende Bybel (1982)	CUM	150 000
24. Studiebybel vir jongmense (1997)	Van Schaik	10 000

## 4.6 Vertaling 6: Nuwe Wêreld-Vertaling (1994-2001)

### 4.6.1 Opdraggewer en intensie van die vertaling

World Bible Translation Committee vertaal die Bybel in hedendaagse tale sodat die boodskap aan mense van alle nasies oorgedra kan word.

### 4.6.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: 'n Komitee van vertalers.
- ii) Bronteks: Vertaal uit die hersiene Engelse uitgawe van 1984 van die *New World Translation of the Holy Scriptures*.
- iii) Vertaalstrategie:

Daarom is die vernaamste kenmerk van hierdie vertaling die herstelling van God se naam in sy regmatige plek in die Bybelteks. Die algemeen aanvaarde vorm "Jehovah" (Voorwoord, *Nuwe Wêreld-vertaling*).

### 4.6.3 Produk

Al wandel ek in die vallei van diep skaduwee,  
Vrees ek niks slegs nie,  
Want u is met my;  
U stok en u staf dié vertroos my (Psalm 23:4).

Geen buite-egtelike seun mag in die gemeente van Jehovah kom nie (Deut. 23:2).

Uitgawes volgens vertalings Nuwe Wêreld-vertaling**	Uitgewer	Verkope 108 602 000
25. Nuwe Wêreld-vertaling (Nuwe Testament) (1994)	Watch Tower	
26. Nuwe Wêreld-vertaling van die Heilige Skrif (2001)	Watch Tower	

\*\*Totale oplaag vir alle vertalings in 27 tale.

## 4.7 Vertaling 7: Die Boodskap

### 4.7.1 Intensie van die vertaling

Die Bybel in hedendaagse Afrikaans.

### 4.7.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: Proff. Jan van der Watt en Stephan Joubert (redakteurs) en medewerkers uit Ou en Nuwe Testament van die Universiteit van Pretoria en Unisa, en een leraar elk uit die Presbiteriaanse kerk en die AGS.
- ii) Bronteks: Hebreeuse, Aramese en Griekse bronteks.
- iii) Vertaalmetode: Die betekenis van die oorspronklike leser is omgesit in die segswyse van ’n gewone Afrikaanssprekende in hedendaagse Afrikaans. Elke sin moet teruggevoer kan word na die bronteks.

### 4.7.3 Produk

Selfs wanneer die lewe vir my so donker word dat ek nie weet watter kant toe nie,

Sal ek nie bang wees dat probleme my onderkry nie,

Want U is altyd by my.

Dit troos my dat U my lei en beskerm. U laat my veilig voel (Psalm 23:4).

Mense wat gebore is uit verhoudings wat nie deur die Here goedgekeur word nie, mag nie deel van die gemeente van die Here wees nie (Deut. 23:2).

Uitgawes volgens vertalings	Uitgewer	Verkope
Die Boodskap		
27. Die Nuwe Testament in hedendaagse Afrikaans (1997)	CUM	60 000
28. Die Boodskap met Psalms en Spreuke (1999)	CUM	9 206
29. Die Radikale Jeugboodskap (2000)	CUM	23 424
30. Die Bybel in hedendaagse Afrikaans (2002)	CUM	10 785

## 4.8 Vertaling 8: Afrikaanse Bybel vir Doves

### 4.8.1 Intensie van die vertaling

Die vertaling is gedoen met die oog op die taalgebruik van kultureel doves, maar kan ook vir ander persone met besondere leesbehoefte bruikbaar wees.

### 4.8.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: Prof. J.P. Oberholzer, Dr. Rocco Hough, Me. Elmine Roux, Mnr. Ernst Kleinschmidt, Proff. C.H.J. van der Merwe, H.C.B. Combrink, D.F. Tolmie en H.C. van Zyl.
- ii) Bronteks: As bronteks is gebruik die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* en *The Greek New Testament*, Fourth Edition, United Bible Societies.
- iii) Vertaalstrategie: Bepaalde woordeskat word benut. Woorde wat noodwendig gebruik moes word, maar wat waarskynlik buite die woordeskat van die beoogde lesersgroep val, is in voetnote en in die woordelys verklaar.

### 4.8.3 Produk

Mense wat weet hulle het vir God nodig,  
is gelukkige mense,  
want God wat in die hemel is,  
is hulle Koning (Matt. 5:3).

Uitgawes volgens vertalings Afrikaanse Bybel vir Doves	Uitgewer	Verkope
31. Proefvertaling: Genesis en Markus (1998)	BSA	1 584***
32. Daniël tot Maleagi (2000)	BSA	936***
33. Matteus tot Johannes (2002)	BSA	839***

\*\*\*Oplaag is 2 000

## 4.9 Vertaling 9: DIE BYBEL@KINDERS.CO.ZA

### 4.9.1 Intensie van die vertaling

'n Vertaling van die Bybel wat (laerskool) kinders maklik kan verstaan en geniet.

### 4.9.2 Vertaalproses

- i) Vertalers: Prof. Hennie Stander (redakteur) en seleksie van medewerkers uit Antieke Tale en Ou en Nuwe Testament, Universiteit van Pretoria en Unisa.
- ii) Bronteks: Nie vermeld, maar waarskynlik uit Hebreeuse en Griekse bronteks.
- iii) Vertaalstrategie: Bybelboeke is in korter dele ingedeel en van opskrifte voorsien wat verduidelik waarom daardie spesifieke deel gaan. Die sinne is kort en eenvoudige woorde is gebruik. Beteknisse van moeiliker woorde word in 'n woordelys verduidelik.

### 4.9.3 Produk

Al moet ek partykeer gaan waar dit baie gevaarlik is, is ek nie bang nie. Want U, Here, is mos by my. U pas my op soos iemand sy skape oppas dat leeus en hiënas hulle nie vang nie (Psalms 23:4).

'n Boetie en 'n sussie mag nie met mekaar trou nie. En as hulle trou, mag hulle kinders nie deel wees van die gemeente nie (Deut. 23:2).

Uitgawes volgens vertalings DIE BYBEL@KINDERS.CO.ZA	Uitgewer	Verkope
34. Nuwe Testament vir Kinders (1999)	Carpe Diem	20 000
35. DieBybel@kinders.co.za (2002)	Carpe Diem	17 000****

\*\*\*\*Oplaag is 21 000

## 4.10 Vertalings en uitgawes in die pyplyn

Daar is 'n *Studiebybel vir Vroue* onderweg wat waarskynlik teen die einde van 2003 deur Lux Verbi uitgegee is. Lux Verbi beplan soortgelyke Studiebybels vir mans en vir die jeug en dan werk hulle ook aan 'n Geestelike Groei Bybel vir persoonlike en Groepbybelstudie (Persoonlike kommunikasie, Lambert Jacobs van Lux Verbi). Vanjaar sal ook nog by CUM Die Multi-

vertaling-Verwysingsbybel verskyn, wat die grondwerk is vir 'n nuwe Bybelvertaling vir publikasie in 2005. Op aandrang van die Gereformeerde Kerk ondersoek die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die behoefte aan nog 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans en word daar op hierdie oomblik aan 'n moontlike proefvertaling gewerk.

## 5. GEVOLGTREKKINGS

- 1) Deurgaans is die strewe van die vertalers van die Afrikaanse Bybelvertalings na onsigbaarheid, byvoorbeeld skryfwyse volgens uitspraak by S.J. du Toit se vertaling, die navolging van die styl van die Statevertaling in die 1922-vertaling, en die navolging van die bronteks (*Textus Receptus*) en woordkeuse van die Statevertaling by die 1933-vertaling. By die 1933-vertaling het die vertalers gemeen dat dit onwenslik sou wees om die nuutste bronteks te gebruik. Deur van die aangenome teks af te wyk, sou meebring dat daar gepraat word van 'n nuwe Bybel; met 'n nuwe teks kon dit gebeur het dat die lesers weier om dit te aanvaar. Vir die *Nuwe Vertaling*, *Die Lewende Bybel*, *Die Boodskap*, ensovoorts is gepoog om vertalings te skep wat vlot lees. Die betekenis moes ingeklee word in die idioom van hedendaagse Afrikaans, indien moontlik so eg dat die leser nie daarvan bewus is dat hy met 'n vertaling te doen het nie. Twee vertalings, naamlik die van S.J. du Toit en die 1922-vertaling misluk omdat hulle vir die lesers van die doelkultuur as vertalings sigbaar geword het en gesien is as 'n afgeleide en dus van sekondêre kwaliteit en belang. Eersgenoemde vertaling het misluk omdat dit Patriot-Afrikaans in sowel spelling as woordkeuse reflekteer het, 'n variant wat nie aanvaarbaar was vir Afrikaanssprekendes in die binneland nie. Die fonetiese spelling/skryfwyse in ooreenstemming met die leuse: "skryf soos jy praat" was vreemd vir die lesers. Afrikaans was as te plat beskou om ernstige gedagtes te vertolk en derhalwe as taal van die Bybel te kan dien (Smit 1970: 225-229; Wegener 1985:221-223). Du Toit se politieke sienings het ook negatief ingewerk op die resepsie van die vertaling. Die 1922-vertaling het misluk as gevolg van die Nederlandse Afrikaans en veral omdat die styl van die Nederlandse Statevertaling te slaafs nagevolg is (Smit 1970:229-31; Wegener 1985:224). Langenhoven, wat hom deurgaans teen 'n Bybelvertaling in Afrikaans uitgespreek het, het gepraat van 'n stompstert Nederlands.
- 2) Bybelvertalings kan volgens drie stadia ingedeel word, naamlik begeleidende vertalings, outoritatiwe en korrektiewe vertalings (Swanepoel 1987:10-24). Daar is gewoonlik net een outoritatiwe vertaling,

maar 'n groeiende aantal korrektiewe vertalings. Die Afrikaanse Bybelvertalings kan ook in die drie groepe ingedeel word. Die begeleidende vertalings het die doel om die hoorders te begelei wanneer die bestaande weergawe nie meer goed verstaan kan word in die doelkultuur nie en behels die vertaling daarvan in die taalvorm van die hoorders. Voorbeelde hiervan is C.P. Hoogenhout se verhaal van Josef in Afrikaans: *Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huisvrouens, in hulle eiige taal geskrywe deur een vriend* (1873) en die eerste Afrikaanse Kinderbybel, in 1912, deur W.J. Conradie onder die titel *Bybelgeskiedenis vir Ons Volk* (Wegener 1985:223-224). S.J. du Toit se vertalings en die 1922-vertaling kan ook hieronder geklassifiseer word omdat hulle doel nie was om die Statevertaling te vervang as offisiële en kerklik-gebruikte vertaling nie. Die outoritatiewe vertaling neem die plek in van die vorige vertaling of bronteks en die 1933-vertaling verteenwoordig hierdie groep. Die derde groep is korrektiewe vertalings, wat volg op die kritiese evaluering van die bestaande en outoritatief aanvaarde Bybelvertalings. Die 1953-hersiening is 'n korrektief van die doeltaal en die 1983-vertaling as korrektief op die vertaalbeginsel. Al die Afrikaanse vertalings daarna is 'n korrektief op die doeltaal van die 1983-vertaling om dit bruikbaar te maak vir persone met besondere leesbehoefte, byvoorbeeld die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* en DIE BYBEL@KINDERS.CO.ZA. Al die vertalings behels 'n deursigtige, vlot, onsigbare styl met die doel om die vreemdheid van die bronteks te minimaliseer.

- 3) Behalwe vir die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* bestaan die vertaalspanne slegs uit wit mans. Die eindvertalerspanne van die 1933- en 1983-vertalings sluit slegs professore van die N.G. Kerk, Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk in. Die medewerkers van *Die Boodskap* en DIE BYBEL@KINDERS.CO.ZA is slegs van die Universiteit van Pretoria en Unisa. Geen vertaalteoretikus was deurlopend betrokke by enige van die vertalings nie. Teologiese professore van die Ou en Nuwe Testament, wat nie spesifiek as vertalers opgelei is nie, tree meestal op as vertalers, byvoorbeeld, die 1933- en 1983-vertaling en *Die Boodskap*. Vertaalspanne sluit meestal spesialiste in Hebreeuse en Griekse linguïstiek sowel as Ou Nabye Oosterse en Antieke Mediterreense kultuur en opgeleide (Bybel)vertalers uit. Daardeur word die kans verminder dat die vertaling sigbaar gemaak kan word om dit te beskerm teen die ideologiese dominansie van die doelkultuur.

In die uitgawes van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word vertalers nie vermeld nie. Deur die anonimiteit word vertaling onsigbaar. Soos in literêre vertaling waar skrywers wat hulle reeds onderskei het



deur uitgewers as vertalers benut word, word teologiese professore wat hulle reeds as skrywers van religieuse literatuur onderskei het as vertalers benut. Dit verleen geloofwaardigheid aan die vertaling. Die skrywer is geloofwaardig; daarom sal sy vertaling ook geloofwaardig wees en dus nie van sekondêre kwaliteit en belang nie. Bybels met notas en kommentaar wat deur uitgewers saam met vertalings voorsien word, bou as't ware 'n heining om die vertaling (al word alternatiewe vertalings vermeld soos in die *Bybellennium*).

- 4) Die letterlike vertaalmetode vrywaar nie 'n vertaling teen die ideologiese dominansie van die doelkultuur nie. So is מַמְזֵר (*mamzer*) in Deuteronomium 23:2 in die letterlike 1933/53-vertaling met "baster" vertaal wat in Afrikaans verwys na iemand wat gebore is vir ouers wat aan verskillende bevolkingsgroepe behoort. Referente vir die term word in Levitikus 18:6-20 gevind en sluit bogenoemde verhouding uit. Die teks was 'n belangrike teks om afsonderlike aanbidding te regverdig. Die 1983-vertaling vertaal dit met 'n persoon wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap met 'n voetnoot wat na Levitikus 18:6-20 verwys.
- 5) 'n Etno-sentriese reduksie van die vreemde teks ten gunste van doeltaalkultuur waardes behels die weergawe van mate en gewigte, die skryfwyse van persoons- en plekname, ook die vertaling van die name van God, aanspreekwyses, die dagindeling, ensovoorts. In die 1983-vertaling is daar besluit om mate en gewigte volgens die metrieke stelsel weer te gee. Geldwaardes is egter nie omgerekene nie, weens die wisselvallige waarde van hedendaagse geld. Dit is omgerekene in terme van daglone of daarna is verwys as muntstukke (vgl. Joh. 6:7 en 12:5). Geografiese name is op die Afrikaanse manier weergegee: die Bergwêreld, Sionsberg, Anonhoogtes, Eskolvallei, Kritispruit, Semesfontein, Hinomsdal en Gosanrivier. In sommige gevalle is die name selfs in Afrikaans vertaal: Huilboom, Moorddal, Koningsvlakte, Spooklaagte, Waarsêershoogte, Grootkloof, Jakkalsfontein.

Van meer sensitiewe aard was die vraag hoe om Jahwe, die naam van God weer te gee. Daar is besluit om Adonai Jahwe te vertaal met "Here God" of "Here my God".

Beeldspraak word laat vaar ter wille van die betekenis van die beeld. Die beeldspraak "stok en staf" in Psalm 23:4 van die 1933-vertaling wat op beskerming en veilige bewaring dui, is laat vaar en lui die 1983-vertaling: "In u hande is ek veilig". Die term "my siel" is maar net 'n ander manier om te sê: "ek" of "ek self". Daarom word dit geskrap in die 1983-vertaling.

Die 1933-vertalers wou nie radikaal afwyk van die State-Bybel nie uit vrees dat die nuwe vertaling nie aanvaarbaar sou wees nie. Gevolglik is die godsdienstige begrippe wat aan die Statevertaling vertrouwd was, behou. Dit is die geval met begrippe soos “welgeluksalig”, “geregtigheid van God”, “goedertierenheid”. Die 1983-vertaling benut nie die terme nie.

Die 1983-vertaling vervang beledigende terme met neutrals of algemene terme.

	Hebrew/Greek Hebreeus/Grieks	OAV	NAV
Kol. 3:11	βάρβαρος nie-Griek	barbaar	Ander talig
Deut. 15:3; 23:20	יִרְכָּךְ vreemdeling	uitlander	nie-Israeliet
Gal. 2:12-21	μετὰ τῶν ἔθνῶν met die nasies	heidene	nie-Joodse gelowiges
	οἱ λοιποὶ Ἰουδαῖοι die ander Jode	ander Jode	Joodse gelowiges
	ἔθνικῶς soos 'n heiden	soos 'n heiden lewe	nie meer aan die Joodse gebruike hou nie
	τὰ ἔθνη heidene	heidene	mense wat nooit Jode was nie

Die 1983-vertaling gebruik nie-seksistiese terme.

	Hebrew/Greek Hebreeus/Grieks	OAV	NAV
Hand. 10:28	ἀνδρὶ Ἰουδαίῳ Joodse man	Joodse man	Jood
Gal. 3:28	ἐλεύθερος vry man	vry man	vry
Jesaja 56:3, 6	Ἰηὺ jou broer	jou broer	mede-Israeliet
Deut. 23:7	Ἰηὺ jou broer	jou broer	jou bloedverwant

- 6) Geen Afrikaanse vertaling kan losgemaak word van mindere of meerdere kulturele dominansie van die doelkultuur nie en kan daarom nie 'n spieëlbeeld van die bronteks wees of ekwivalent aan die bronteks wees nie. Daarom is reaksies soos Gunther (1986) en Erasmus (1988) wat slegs die 1933-vertaling as die Woord van God aanvaar en die 1983-vertaling afwys as nie die Woord van God nie, buite orde. Vertalers en Bybellesers moet eerder die vertaalproses en -tradisie van 'n bepaalde vertaling probeer verstaan. Deur vertalings uit verskillende vertaaltradisies en selfs ander tale met mekaar te vergelyk, kan Bybellesers die rol van kulturele dominansie van die doelkultuur probeer verstaan. Venuti meen dat die vreemde identiteit van die bronteks eerder beklemtoon moet word (deur sleutelwoorde te behou eerder as om letterlik te vertaal). Daardeur word die vertaling beskerm teen die ideologiese dominansie van die doelkultuur. Hierdie is een van die moontlikhede wat tans deur 'n komitee van die Kerklike Advieskomitee van die Bybelgenootskap ondersoek word as deel van die navorsing oor 'n nuwe Afrikaanse vertaling.

## BIBLIOGRAFIE

### BAKER M

1997. *The Routledge encyclopedia of Translation Studies*. London & New York: Routledge.

### BASSNETT S & LEFEVERE A (eds.)

1990. *Translation, history and culture*. London: Pinter.

### ERASMUS J C

1992 (1988). *Bewaar my Woord. Kritiek op die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel*. Pretoria: Erasmus.

### EVEN-ZOHAR I

1990. Polysystem theory. *Poetics Today* 11(1):45-51.

### GUNTHER M

1986. *Is die 1983-vertaling die Bybel?* Silverton: IVB.

### HERMANS T

1985. Translation Studies and a new paradigm. In: T. Hermans (ed.), *The manipulation of literature: studies in literary translation* (London: Croom Helm), pp. 7-15.

Naudé

Afrikaanse Bybelvertalings “vir Afrika”

MUNDAY J

2001. *Introducing Translation Studies. Theories and applications*. London & New York: Routledge.

NIENABER P J

1940. *Ds. S.J. du Toit. Die eensame Ismael*. Pretoria: Van Schaik.

SMIT A P

1970. *God made it grow. History of the Bible Society Movement in Southern Africa*. Cape Town: The Bible Society of South Africa.

SWANEPOEL F A

1987. Teologiese implikasies in enkele vertalings van die Ou Testament. D.D.-thesis, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

TOURY G

1980. *In search of a theory of translation*. Tel Aviv: The Porter Institute for Poetics and Semiotics, Tel Aviv University.

1995. *Descriptive Translation Studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamins.

VENUTI L

1995. *The translator's invisibility: a history of translation*. London & New York: Routledge.

1997. The American tradition. In: M. Baker 1997:305-315.

1998. *The scandals of translation: towards an ethics of difference*. London & New York: Routledge.

WEGENER G S

1985. *In die begin was die Woord*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Trefwoorde

Keywords

Bybelvertaling

Bible Translation

Suid-Afrika

South Africa

Afrikaans

Afrikaans

Ideologie

Ideology